NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

9 Augustus 2007

DIE NASIONALE VERVOLGINGSGESAG EN VERVOLGING VAN MISDRYWE IN DIE VORIGE BEDELING IN SUID-AFRIKA
Verklaring deur die Moderatuur van die NG Kerk

Versoening en stabiliteit in Suid-Afrika sal net 'n droom bly as alle politiek-geinspireerde wandade van voor 1994 nie onthul en tot bevrediging van almal hanteer word nie. Versoening in die hede is net moontlik as die wandade van die verlede aan die lig gebring word.

Maar dan is daar twee vereistes wat nagekom moet word. Sulke sake moet so as gou moontlik hanteer en opgelos word en die beweerde wandade aan beide kante van die destydse *struggle* moet ondersoek word.

Dit is bekend dat dit nie net persone in diens van die destydse regering is wat nie om amnestie aansoek gedoen of dit nie gekry het nie. Meer as 100 topleiers van die ANC, waaronder talle lede van die huidige kabinet, het dit ook nie gekry nie.

In die lig hiervan verwelkom die Moderatuur die uitnodiging van dr Frank Chikane, Direkteur-generaal in die kantoor van die President, om verteenwoordigers van die Afrikaanse kerke in te lig oor die huidige situasie en die regering se gesindheid oor die aangeleentheid. Dit blyk dat die regering ook besef dat hierdie sake die samelewing kan polariseer. Hulle wil daarom hê dat dit so gou as moontlik afgehandel moet word én na beide kante toe sny. Na afloop van die werksaamhede van die WVK blyk die howe tans die enigste moonlikheid te wees om sake finaal af te sluit.

Die vinnige afhandeling van sake bly moontlik as die howe in bepaalde gevalle die aanvaarde toepaslike regulasies of direktiewe van die Parlement volg en sake soos die belang van die gemeenskap en die feit dat die slagoffer nie vervolging verlang nie, volg. Die waarde van pleitooreenkomste waarin die oortreder en slagoffer mekaar vind, kan deur hof in die lig hiervan oorweeg en aanvaar word. So 'n bevel deur 'n bevoegde hof kan die saak finaal afhandel.

Dit wil voorkom asof die huidige hofsake teen oud-minister Adriaan Vlok en oud-polisiekommisaris Johan van der Merwe gebaseer is op hulle beweerde medewete en opdrag dat die destydse sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, eerwaarde Frank Chikane, vergiftig word. Net so word daar egter beweer dat ANC-leiers die opdragte gegee het en bekend was met gevalle waar bom- en landmynontploffings die dood van talle onskuldige burgerlikes veroorsaak het en interne teenstanders vermoor is. Dieselfde weg wat met Vlok en Van der Merwe gevolg word moet ook ten opsigte van laasgenoemde gevalle geld.

Sake wat die afgelope tyd in die media aandag gekry het, is gevalle soos die Amanzimtotibom van Desember 1985, die Messinabomme van dieselfde maand en die eliminering van MK-bevelvoerder Thami Zulu en die ANC se Timothy Seremane. In die landmynontploffings naby Messina is die vrouens en kinders van die De Nysschen- en Van Eckgesinne tydens 'n onskuldige plesierrit op 'n Sondagmiddag uitgewis.

'n Eensydige loodsing van ondersoeke en vervolging deur die Nasionale Vervolgingsgesag sal polarisasie vererger, versoening strem en die vermoë van die Nasionale Vervolgingsgesag om juridies onpartydig te wees, bevraagteken. Die Moderatuur is in die gesprek met dr Chikane en die Nasionale Vervolgingsgesag duidelik ingelig dat dit uitgesproke voorneme van die Nasionale Vervolgingsgesag is om sake juridies korrek aan te pak.

Dr JJ Gerber
Algemene Sekretaris van die NG Kerk